

God het ek lief

Van die mooiste woorde wat enige mens kan hoor is dat iemand vir jou sê: “Ek het jou lief” – veral in ’n tyd wat baiekeer gekenmerk word deur liefdeloosheid of selfs eieliefde bó Godsliefde of naasteliefde. Die apostel Johannes sê dat mense mekaar juis kan liefhê omdat God ons eerste liefgehad het (1 Joh 4:10). Natuurlik, want “God is liefde” (1 Joh 4:8).

Een van die mees klassieke voorbeelde van wat God bedoel met liefde is Psalm 116. Hierdie Psalm stel liefde in die regte perspektief. Die psalmdigter gaan deur diep waters van beproewing. Hy word selfs deur bande van die dood bedreig (vs 3). In sy nood roep hy tot God, smee hy om redding en verlossing (vs 4). As God hom verhoor (vs 6) borrel dit oor sy lippe: “Ek het die Here lief” (vs 1).

Dit is die punt: As God die voorwerp van jou liefde is, is die liefde opreg. Of anders gestel: As die liefde tot God die grondtoon van jou lewe is, is jou liefde suiwer. ’n Lewe sonder Godsliefde is die naam lewe nie werd nie. Dit is immers die grootste gebod: om God bo alles lief te hê (Matt 22:38). Dat God die wêreld só liefgehad het deur Jesus Christus te stuur maak die mens se liefde moontlik. Liefde tot God en tot jou naaste is om daardie innerlike vreugde van die saligheid in Christus te beleef. Dit is die herskepping van ’n dooie hart; dit is die deurbreek van lente in ’n winterlewe; ja, dit is soos die uitbot van blaartjies uit ’n kaal stam. Om God lief te hê, is om afstand te doen van jouself; dit is volle oorgawe in die hand van God; dit is om jou te offer tot eer van die Here. Om God lief te hê is iets aangrypends, iets geweldigs. Bid daarom vandag dat die Here deur sy Gees ook in jou hart sal werk om God werklik bo alles lief te hê.

*Sing: Psalm 116:1**Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)*